*Saterdag* **8 November**

**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-18**
**Fokusgedeelte: Genesis 22:1-18**
**Die Here voorsien sy eie Offerlam**

In die verhaal van Abraham sien ons hoe die Here sy belofte van “die saad van die vrou” (Gen. 3:15) realiseer. Die Here maak ’n belofte dat uit die dooie moederskoot van Sara ’n seun gebore sal word. Nadat die Here vir Abraham en Sara met ’n seun, Isak, geseën het, gee die Here vir Abraham die opdrag: *“Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer”* (22:2). Isak was nie ’n gewone seun nie, maar ’n seun van God se belofte – hy was die saad in wie al die geslagte van die aarde geseën sal wees (Gen. 12:1-3). Jesus Christus sal uit Isak se nageslag gebore word.

Abraham is op die proef gestel. Gaan hy aan die beloftewoord sowel as die bevelwoord van God vashou? God het beveel en Abraham het geluister. Die Here se Woord en Gees is die dryfkrag agter Abraham se gehoorsaamheid. Hy was gereed om Isak te offer. Abraham het van harte geglo dat die Here lewe kan gee uit ’n dooie moederskoot en daarom sal Hy weer lewe kan gee (vgl. Heb. 11:17-18). Dit is wat die Here gedoen het.

As Isak moes sterf, sou dit nie onregverdig gewees het nie, want die hele mensdom verdien die dood. In plaas daarvan dat Isak “afgesny” word, het God ’n ander offer voorsien. God voorsien sy enigste Seun wat Hy liefhet om ons met Hom te versoen, en daardeur gee Hy nuwe lewe vir elkeen wat in Hom glo. Ons was geestelik dood, maar deur die kragtige werking van die Gees en op grond van Christus se verlossingswerk, het ons die ware lewe.

Die Here vereis van ons om in Hom te glo en te vertrou dat Hy al sy beloftes getrou nakom.

*Sing: Psalm 105-1:1, 5*

*Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)*